

## Sing vooraf staande: Psalm 100:1-4 (p. 494)

- |   |   |
|---|---|
| 1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER!<br>Dien God met blydschap, gee Hom eer;<br>kom nader voor sy aangesig,<br>en prys Hom met 'n lofgedig! | 2 Die HEER is God, erken dat Hy<br>'n eie volk vir Hom berei,<br>'n volk om Hom te dien en vrees<br>en skape van sy wei te wees.      |
| 3 Gaan deur sy poorte in met lof,<br>met lofsang in sy tempelhof;<br>kom in sy huis, o bondsvolk, saam;<br>verhef sy lof en prys sy Naam.       | 4 Want goedertieren is die HEER;<br>sy goedheid eindig nimmermeer;<br>sy trou en waarheid hou hul krag<br>tot in die laaste nageslag. |

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

### Amen.

## Lofpsalm 103:1 (p. 504)

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!  
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,  
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.

## Geloofsbelydenis Nicea/Apostolicum

### Wet

## Psalm 99:4, 5 (p. 492)

- 4 Bidders het gepleit / in die worstelstryd; / daar het lig gekom / uit die wolkkolom,  
dat hul dankbaar-trou / God se wet kon hou: / heil'ge lewensorde / hul van God geworde.
- 5 By U, HERE, is / daar vergiffenis, / ook al het u trou / nie hul straf weerhou.  
Loof, verhef die HEER; / werp jul voor Hom neer! / Bring Hom roem en ere – / heilig is die HERE!

### Gebed

## Skrifberyming 45:1, 12 (Nuwe boeke 18-7)

- 1 Hy het my die stad getoon, / groot en van die hemel dalend,  
en, deur God se ligglans skoon, / soos 'n kleurgesteente stralend,  
helder soos 'n kristallyn / wat in al sy klaarheid skyn.
- 12 Daar sal in die heiligdom / niemand wat die kwaad bedrywe,  
ooit of immer binnekome. / Hul van wie die naam geskrywe  
in die Lewensboek sal staan, / hulle sal daar binnegaan.

Skriflesing: Jesaja 66

Teks: Jesaja 66:22

**Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my  
aangesig sal bestaan, spreek die HERE, so sal julle nageslag en julle naam  
bestendig wees. (Jesaja 66:22 AFR53)**

Die Here openbaar dat die hele mensdom in twee groepe uiteenval:

- Aan die een kant is mense wat in God glo en en Hom aanbid.
  - Die een groep word altyd deur die Here gelei en versterk.
  - Hy bewaar hulle deur hierdie lewe tot in ewigheid.
  - Hulle is die wat op die nuwe aarde saam met Hom gaan woon.

- Hulle word deur die Here Jesus Christus beveel om aan sy tafel te sit sodat Hy hulle voortdurend deur die nagmaal verseker van hulle redding en ewige saligheid.
- Die ander groep is mense wat God nie ken nie en ook nie aanbid nie.

Dit was maar al die jare so dat daar mense binne en buite die kerk was wat ongelowiges was en wat met die dinge wat hulle gedoen en gesê het, die Here oneer aangedoen het.

- Dit gebeur (en het gebeur) omdat hierdie mense aan die Here dink asof Hy soos ons mense is.
- Hulle dink die Here doen en dink soos 'n mens en as hulle dink Hy doen verkeerd, word hulle vir Hom kwaad.

Die Here wil nie hê dat ons aards van Hom moet dink nie. Daarom openbaar Hy dat die hemel sy troon is en die aarde die voetbank van sy voete. Hierdie woorde teken die grootheid van die Here. Hy is almagtig groot.

- Hy is in sy Wese en in sy majesteit baie hoog en ver bo ons verhewe.
- Daarom kan Hy seën en straf soos Hy wil. Hy maak die reëls.
- Hy seën die wat daarby bly, en Hy vernietig die wat nie wil hoor nie.

Die Here openbaar in hierdie Bybelgedeelte die deurdringendheid waarmee Hy mense deursoek. Hy weet presies watter mense verkeerd is en watter reg is. Daarvolgens gee Hy genade.

In vers twee beskryf die Here wie die mense is aan wie Hy genade gaan bewys:

**Op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord.** (Jesaja 66:2 AFR53)

**Ek slaan ag op die mens in nood, op die een wat berou het oor sy sonde, wat ontsag het vir my woord.** (Jesaja 66:2 AFR53)

Daarna beskryf die Here al die wat in die kerk (volk) is, maar wat geen genade gaan kry nie omdat hulle gestraf gaan word. Hulle val uiteen in 'n hele paar groepe:

- Die een dink die Here weet nie wat hy alles in sy lewe aanvang nie: hy bring 'n bul wat hy vir die Here offer, maar hy is 'n moordenaar.
- Die ander een offer vir die Here en vir afgode: hy bring vir die Here 'n lam, maar hy offer ook honde vir die afgode.
- Die ander een het sy eie voorskrifte, want hy dien die Here soos wat hy lus het: hy bring graanoffers, maar ook offers van varkbloed.

Daar is nog meer van hulle.

Later verwys die Here weer na hulle waar Hy openbaar wat Hy alles met hierdie mense gaan doen (v. 6). Hy sê die gelowiges moet luister:

- Daar is 'n rumoer in die stad soos wat die Here hierdie mense straf.
- Maar hulle moet gaan kyk; dit is nie net in die stad se strate waar die Here straf nie: **ook in die tempel** is daar 'n rumoer soos wat die Here sy vyande vergeld.

Terselfdertyd gebeur daar iets anders ook.

- Terwyl die een klomp mense in die verskriklikste pyn en angs van verdelging inbeweeg, vind daar onder die ander **die grootste vreugde en heerlikheid** plaas.
- Sion kry meteens haar kinders! Die einde is daar en die kinders van die Here staan meteens in die hiernamaals.

Die teerheid van die Here teenoor hierdie groep mense word beskryf.

- Die Here liefkoos hulle soos wat 'n ouer 'n baie klein kindjie liefkoos.
- Die Here voed hulle met sy ewige koninkryk, wat hier beskryf word as Jerusalem: Die nuwe Jerusalem, want die stad is op die nuwe aarde (v. 22).
- Hierdie groep kinders van die Here verlustig hulle in die oorfloed van die nuwe Jerusalem se heerlikheid (v. 11).
- Hulle en al hulle kinders wat in hulle verbondsgeslagte aan die Here gehoorsaam was, is tot in ewigheid daar saam (v. 22).

Die atmosfeer wat heers oor die die nuwe Jerusalem terwyl die mense daarnatoe aankom, word ook beskryf.

**Ek laat vrede na haar toe aankom soos 'n rivier.** (Jesaja 65:12a AFR83)

Vers 19 openbaar verder dat die Here mense uit alle volke gaan red en op daardie oomblik in die nuwe Jerusalem saambring.

- Almal wat daar saamkom, ervaar God se vrede: die vrede van die versoening wat deur die Verlosser bewerk is.
- Die Here openbaar dat hierdie oomblik gekenmerk word deur die skepping van die nuwe hemel en die nuwe aarde (en terselfdertyd ook die totstandkoming van die hel – v. 24).
- Al die geslagte se gelowiges is meteens bymekaar en dien die Here elke oomblik – elke nuwemaansfees en elke sabbat.

Die tyd in die hiernamaals is een ewige sabbat. Dit is 'n ewigheid van lof en dank aan God die Here.

Die Here verwys 'n hele paar keer na die nuwe hemel en die nuwe aarde in die Bybel. Die eerste keer is in Jesaja 65:17

**Want kyk, Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie.** (Jesaja 65:17 AFR53)

**Ek gaan 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde skep; aan dié wat daar nou is, sal daar nie meer gedink word nie, hulle sal nie onthou word nie.** (Jesaja 65:17 AFR83)

Die tweede keer is in ons teksvers. Die derde keer is in die Nuwe Testament wanneer die apostel Petrus die volgende skryf:

**Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon.** (2 Petrus 3:13 AFR53)

**Maar ons leef in die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God belowe het en waar die wil van God sal heers** (2 Petrus 3:13 AFR83).

Petrus verwys daarna dat die Here Jesus die nuwe hemel en die nuwe aarde belowe het.

- In hierdie nuwe hemel en op hierdie nuwe Aarde is daar geen sonde nie. Net alles wat vir God reg is, word daar gedoen.
- Daarmee openbaar die Here dat sy raad en sy beloftes oor alle eeue dieselfde is, want sy wil ná die koms van Jesus Christus is nog dieselfde as wat Hy aan die profeet Jesaja gegee het.

Die apostel Johannes word deur die Here Jesus Christus, wat vanoggend ons Gasheer is, weggeruk tot in die hemel waar hy die nuwe hemel en die nuwe aarde sien. Hy beskryf

dit so:

**En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie.**  
(Openbaring 21:1 AFR53)

**Toe het ek 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien. Die eerste hemel en die eerste aarde het verdwyn, en die see het nie meer bestaan nie.** (Openbaring 21:1 AFR83)

Die Here wat hierdie nuwe hemel en nuwe aarde beloof, en wat op hierdie oomblik besig is om die koms daarvan voor te berei, het vir u hierdie tafel gereed gemaak.

- Hy gaan u voed met eenvoudige tekens, naamlik brood en 'n beker met wyn.
- Die betekenis van hierdie maaltyd lê nie in die brood en die beker met wyn nie.
  - Dit lê in die dinge wat nou nog nie gesien kan word nie: die koms van die nuwe hemel en die nuwe aarde.
- Aan tafel verseker die Here Jesus u dat Hy u heeltemal van al u sondes verlos het, sodat u verseker kan wees van 'n blyplek op hierdie nuwe aarde.

Kom gebruik die heilige nagmaal en beoefen daardeur gemeenskap met die ewige Verlosser wat

- u sondes met God die Vader versoen het op Golgota;
- u opstanding uit die dood waarborg; en
- wat vir u blyplek voorsien op die nuwe aarde.

**Amen.**

Gebed

Psalm 63:3 (p. 308) (wysie Psalm 18)

- 3 Ek wil U prys my lewe lank, / my hande ophef en U dank.  
Want, soos met vettigheid, sal weer / my siel versadig word, o HEER!  
My mond sal jubelend U noem, / my lippe hoog u weldaad roem  
wanneer die aarde<sup>o</sup>in nag versink – / dan sal ek peinsend aan U dink.

Formulier

Psalm 23:1, 3 (p. 107)

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,  
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:  
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.
- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druip olie en my beker vloei van wyn,  
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;  
dit kroon my lewe met u welbehag; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Af tafel toe

Tydens Nagmaal: Psalm 116  
Psalm 118

Slotgebed

Slotpsalm 146:1, 8 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!  
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof  
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.

8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,  
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die Heer.  
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die Heer!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis

Hulpdienspredikant

Gereformeerde Kerk Clanwilliam Datum: 16 November 2014 (Nagmaal Vredendal)

Gereformeerde Kerk Clanwilliam Datum: 23 November 2014 (Nagmaal Clanwilliam)